

'n Openbare belydenis van sondes en korter gebed voor die preek

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, ons erken en bely voor u Goddelike majesteit: ons is arme, ellendige sondaars; ons is ontvang en gebore in alle boosheid en verdorwenheid, geneig tot alle kwaad en nie in staat om enige iets goeds te doen nie; ons oortree met ons sondige lewe onophoudelik u heilige geboorie. Daardeur bring ons u toorn oor ons en volgens u regverdige ordeel laai ons die ewige straf op ons.

O Here, ons het egter berou en is hartseer dat ons U vertoorn het. Ons beskuldig onsself en ons kla onsself aan oor ons misdade terwyl ons begeer dat U met u genade na ons wil kyk en uitreik in ons ellendige toestand. O mees getroue en liefdevolle God en Vader, wil U U oor ons ontferm, en ons al ons sondes op grond van die heilige lyding van u geliefde Seun Jesus Christus vergewe.

Wil U ons ook die genade van u Heilige Gees gee, Hy wat ons leer om ons ongeregtigheid hartgrondig te erken en onsself op die regte manier te verag.

Wil U dit doen sodat die sonde in ons doodgemaak word en ons in 'n nuwe lewe weer opstaan – 'n lewe waarin ons ware vrugte van heiligkeit en geregtigheid dra wat aangenaam is vir U deur Jesus Christus.

Wil U gee dat ons ook u heilige Woord volgens u Goddelike wil verstaan, sodat ons daaruit leer om al ons vertroue op U alleen te stel en weg te vat van alle skepsels af. Laat ook ons ou mens met al sy begeertes van dag tot dag meer en meer gekruisig word. Laat ons gevvolglik onsself aan U toewy as 'n lewende dankoffer, tot eer van u heilige Naam en tot voordeel van ons naaste.

Wil U ook deur u genade almal bekeer wat nog van u waarheid afdwaal, sodat ons U almal saam eendragtig dien in heiligkeit en geregtigheid al die dae van ons lewe.

Dit begeer ons van U deur ons Here Jesus Christus wat ons geleer en beveel het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikske brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.